

Openbaring

Hoofstuk 18

● Hierdie hoofstuk handel oor die magtige politieke en kommersiële hoofstad van die antichris regering vernietig sal word.

● In hierdie hoofstuk hoor Johannes vier stemme:

1. Die stem van oordeel oor Babilon (V. 1-3)
2. Die stem van 'n oproep tot afskeiding. (V. 4-8)
3. Die stem van weeklag en geweën deur die konings van die aarde. (V. 9-19)
4. Die stem van 'n uitroep van verblyding. (V. 20-24)

● **Opn. 18:1 En ná hierdie dinge het ek 'n engel sien neerdaal uit die hemel, met groot mag, en die aarde is verlig deur sy heerlikheid.**

→ Hierdie engel is ook sterk net soos die engel in Opn 10:1. Die groot mag wat hy het, is die oordeel oor die stad Babilon.

→ Hy verlig die aarde, want hierdie engel is 'n gestuurde van God, maar ook is die aarde nog verduister a.g.v die vyfde skaal wat duisternis gebring het. **OPN. 16:10 EN DIE VYFDE ENGEL HET SY SKAAL UITGEGOOI OP DIE TROON VAN DIE DIER, EN SY KONINKRYK IS VERDUISTER, EN HULLE HET HUL TONGE GEKOU VAN PYN.**

● **Opn. 18:2 En hy het met 'n groot stem kragtig uitgeroep en gesê: Geval, geval het die groot Babilon, en dit het geword 'n woonplek van duiwels en 'n versamelplek van allerhande onreine geeste en 'n versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls, Opn. 18:3 omdat al die nasies gedrink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery, en die konings van die aarde met haar gehoereer het, en die handelaars van die aarde ryk geword het deur die mag van haar weelderigheid.**

→ Hierdie engel maak 'n baie belangrike aankondiging: Die stad kom tot 'n val. Hierdie stad is soos die basis van die bese, as hierdie stad weg is, is die bese regering geknak.

→ Die woord "Geval" in Grieks is "πίπτω", wat beteken om verwoes te word, om dood neer te slaan, om tot 'n einde te kom.

→ Redes vir haar verwoesting:

- a) Sy het 'n woonplek vir demone en bese geeste geword; 'n plek waar hulle tuis is. (V2)
- b) Sy het vervul geraak met immoraliteit. (V3a)
- c) Sy het deur en deur verrot geraak met materialisme wat God vurig haat. (V3b)
- d) Haar sonde strek tot aan die hemel, m.a.w dit is baie. (V5)
- e) Sy's vervul met trots en arrogansie. (V7)
- f) Sy het 'n plek geword van mensehandel. (V13)
- g) Sy het nasies verlei. (V23)
- h) Sy het die heiliges van Jesus doodgemaak. (V24)

● **Opn. 18:4 En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie.**

→ Alle Israëliete, alle kinders van God word gemaan om uit die stad te gaan voordat God die stad vernietig.

→ Dit laat my dink aan Lot en sy familie wat uit Sodom en Gomorra moes gaan (Gen. 19). **GÉN. 19:23-25 DIE SON HET OOR DIE AARDE OPGEGAAN TOE LOT IN SOAR AANKOM. EN DIE HERE HET SWAWEL EN VUUR OOR SODOM EN GOMORRA LAAT REËN VAN DIE HERE UIT DIE HEMEL, EN HY HET HIERDIE STEDE OMGEKEER EN DIE HELE JORDAANSTREEK, OOK AL DIE INWONERS VAN DIE STEDE EN WAT OP DIE GROND GROEI.**

● **Opn. 18:5** Want haar sondes reik tot aan die hemel, en God het haar ongeregthede onthou. **Opn. 18:6** Vergeld haar soos sy ook julle vergeld het, en verdubbel dit vir haar volgens haar werke. Skink vir haar dubbel in die beker waarin sy geskink het. **Opn. 18:7** Namate sy haarself verheerlik het en weelderig geleef het, na dié mate moet julle haar pyniging en droefheid aandoen. Omdat sy in haar hart sê: Ek sit as koningin en is geen weduwee nie, en droefheid sal ek nooit sien nie. **Opn. 18:8** daarom sal haar plaë op een dag kom: dood en droefheid en honger; en met vuur sal sy verbrand word, want sterk is die Here God wat haar oordeel.

→ Dis asof God aan elke leser wil sê dat Hy boek hou van die kwaad. Elke ding wat die bose teenoor God en Sy kinders gedoen het, sal vergeld word.

→ Die intensiteit van hierdie vergelding gaan dubbel meer wees as wat die bose aan God en Sy volgelinge gedoen het.

→ Die oordeel oor hierdie stad gaan skielik wees. (**V8 DAAROM SAL HAAR PLAË OP EEN DAG KOM**) en ook (**V10b WANT IN EEN UUR HET JOU OORDEEL GEKOM!**)

→ Nou alreeds waarsku die Here mense om nie deel te word van die wêreld nie. **1JOH. 2:15 MOENIE DIE WÊRELD LIEFHÊ OF DIE DINGE WAT IN DIE WÊRELD IS NIE. AS IEMAND DIE WÊRELD LIEFHET, DAN IS DIE LIEFDE VAN DIE VADER NIE IN HOM NIE.**

→ Die Here sal wraak neem. **ROM. 12:19 MOENIE JULLE WREEK NIE, GELIEFDES, MAAR GEE PLEK VIR DIE TOORN; WANT DAAR IS GESKRYWE: AAN MY KOM DIE WRAAK TOE, EK SAL VERGELD, SPREEK DIE HERE.**

● **Opn. 18:9** En die konings van die aarde wat met haar gehoereer en weelderig geleef het, sal oor haar ween en oor haar weeklaag wanneer hulle die rook van haar verbranding sien, **Opn. 18:10** terwyl hulle ver weg staan uit vrees vir haar pyniging, en sê: Wee, wee jou, o groot stad Babilon, o sterk stad, want in een uur het jou oordeel gekom! **Opn. 18:11** En die handelaars van die aarde sal ween en rou bedrywe oor haar, omdat niemand hulle koopware meer koop nie, **Opn. 18:12** koopware van goud en silwer en edelgesteente en pêrels en fyn linne en purper en sy en skarlaken; en allerhande geurige hout en allerhande voorwerpe van ivoor en allerhande voorwerpe van die kosbaarste hout en van koper en yster en marmer **Opn. 18:13** en kaneel en reukwerk en salf en wierook en wyn en olyfolie en fynmeel en koring en grootvee en skape; en van perde en waens en slawe en mensesele. **Opn. 18:14** En die vrugte wat jou siel begeer, het van jou gewyk, en al die blinkende en die skitterende dinge het van jou gewyk, en jy sal dit nooit weer kry nie. **Opn. 18:15** Die handelaars in hierdie dinge, wat van haar ryk geword het, sal ver weg staan uit vrees vir haar pyniging, terwyl hulle ween en rou bedrywe en sê: **Opn. 18:16** Wee, wee die groot stad wat bekleed was met fyn linne en purper en skarlaken en versierd met goud en edelgesteente en pêrels, omdat in een uur soveel rykdom verwoes is! **Opn. 18:17** En elke stuurman en die hele menigte op die skepe, en die matrose en almal wat die see bevaar, het ver weg gaan staan **Opn. 18:18** en het uitgeroep toe hulle die rook van haar verbranding sien, en gesê: Watter stad is soos die groot stad? **Opn. 18:19** En hulle het stof op hul hoofde gegooi en onder geweën en weeklag uitgeroep en gesê: Wee, wee die groot stad waarin almal wat skepe op die see het, deur haar kostelike skatte ryk geword het; want dit is in een uur verwoes!

→ Talle van die bese en goddelose mense gaan nie in die stad wees nie, maar hulle gaan dit aanskou wanneer God die stad oordeel.

→ Waarom ween die handelaars, stuurmanne van skepe en die Konings?

- a) Want hulle pret in die wêreld is beëindig.
- b) Niemand gaan meer hulle koopware koop nie.
- c) Dis tot 'n einde gebring.
- d) Niemand gaan meer die plesiere van die wêreld geniet nie.
- e) Al hulle skatte is vernietig.

● **Opn. 18:20** Verbly jou oor haar, o hemel, en o heilige apostels en profete, omdat God julle oordeel aan haar voltrek het! **Opn. 18:21** En een sterk engel het 'n klip opgetel soos 'n groot meulsteen en dit in die see gegooi en gesê: So, met 'n vaart, sal Babilon, die groot stad, neergegooi word en nooit meer gevind word nie. **Opn. 18:22** En die stem van sitiespelers en sangers en fluitspelers en basuinblasers sal nooit meer in jou gehoor word nie, en geen kunstenaar van enige kuns sal ooit weer in jou gevind word nie, en die geluid van die meul sal nooit meer in jou gehoor word nie. **Opn. 18:23** En die lig van 'n lamp sal nooit meer in jou skyn nie, en die stem van bruidegom en bruid sal nooit meer in jou gehoor word nie; want jou handelaars was die grotes van die aarde; want deur jou towery is al die nasies verlei. **Opn. 18:24** En die bloed van profete en heiliges is in haar gevind, en van almal wat op die aarde gedood is.

→ Die gebede van die kinders van God word nou verhoor. **OPN. 6:9** EN TOE HY DIE VYFDE SEËL OOPGEMAAK HET, SIEN EK ONDER DIE ALTAAR DIE SIELE VAN DIE WAT GEDOOD IS TER WILLE VAN DIE WOORD VAN GOD EN DIE GETUIENIS WAT HULLE GEHAD HET. **OPN. 6:10** EN HULLE HET MET 'N GROOT STEM UITGEROEP EN GESÊ: HOE LANK, O HEILIGE EN WAARAGTIGE HEERSER, OORDEEL EN WREEK U NIE ONS BLOED OP DIE BEWONERS VAN DIE AARDE NIE? **OPN. 6:11** EN AAN ELKEEN VAN HULLE IS WIT KLERE GEGEE; EN AAN HULLE IS GESÊ DAT HULLE NOG 'N KLEIN TYDJIE MOES RUS TOTDAT OOK HULLE MEDEDIENSKNEGTE EN HULLE BROEDERS WAT NOG GEDOOD SOU WORD SOOS HULLE, VOLTALLIG SOU WEES.

→ 'n Meulsteen was gewoonlik gebruik om koring te maal. Hier word dit gebruik om te wys hoe intense die oordeel oor Babilon gaan wees. Jeremia het ook hierdie oordeel voorspel: **JER. 51:61** EN JEREMIA HET VIR SERÁJA GESÊ: AS JY IN BABEL KOM, DINK DAARAAN EN LEES AL HIERDIE WOORDE; **JER. 51:62** EN SÊ: O HERE, U HET OOR HIERDIE PLEK GESPREEK OM DIT UIT TE ROEI, SODAT DAAR GEEN INWONER, MENS SOWEL AS DIER, SAL WEES NIE, MAAR DAT DIT EWIGE WILDERNISSE SAL WEES. **JER. 51:63** EN AS JY HIERDIE BOEK KLAAR GELEES HET, MOET JY 'N KLIP DAARAAN VASMAAK EN DIT BINNE-IN DIE EUFRAAT GOOI **JER. 51:64** EN SÊ: SO SAL BABEL SINK EN NIE WEER OPKOM NIE WEENS DIE ONHEIL WAT EK OOR HOM BRING; EN HULLE SAL AFGEMAT WEES. TOT SOVER DIE WOORDE VAN JEREMIA.

→ Wat gebeur wanneer Babilon verwoes is:

- a) Niks meer wêreldse, duiwelse musiek wat mense verlei agter satan aan nie (V22a)
- b) Geen wêreldse industrieë meer nie (V22b)
- c) Geen lig meer in Babilon nie (V23a)
- d) Niks meer opgeruimde troues nie (V23b)